

KOMMUNALE WOLBOERE

TWEE TREE VORENTOE, EEN TREE TERUG

Snelle vooruitgang is die afgelope twee dekades gemaak om kommunale wolboere se inkomste te verhoog en hulle te betrek by die kommersiële hoofstroom. Die onttrekking aan staatshulp staan egter op die lewensaar van verdere noodsaaklike vooruitgang.

Wolskaapboerdery in die kommunale gebiede van die Oos-Kaap het in die afgelope 20 jaar 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan. Dit het die lewenstandaard van vele mense verbeter, maar 'n groot hekkie staan in die pad van verdere vordering.

Met die begin van die Nasionale Wolwekewerksvereniging (NWKV) se kommunale wolverbeteringsprojek in 2002 is sowat 222 000 kg wol uit die kommunale dele van die Oos-Kaap teen R1,5 miljoen bemark. In 2021 is 5,4 miljoen kg wol van R300 miljoen verkoop danksy die impak van die projek.

Dié projek is 'n toonbeeld van hoe die georganiseerde landbou en die staat kán saamwerk om transformasie in die landelike gebiede van Suid-Afrika te ondersteun, en word uit vele oorde geprys. Selfs mnr. Mooketsa Ramasodi, direkteur-generaal van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, het die bedryf met die projek gelukkigewens op die onlangse NWKV-kongres in Gqeberha.

Kort ná die samesmelting van die departement van landbou met dié van grondsaake en landelike ontwikkeling in 2019 is die jaarlikse finansiering van R12 miljoen vir die ramverbeteringsprojek egter beëindig.

Dit was een been van die projek wat 'n belangrike bydrae gelewer het om kommunale wolboere se kuddes, en gevolglik hul wolinkomste, te verbeter.

“Omdat die projek beëindig is, is daar

KORTOM

- Die onttrekking van staatsgeld vir die kommunale ramprojek beteken dat sommige gemeenskappe nie die nodige ondersteuning kry om hul wol en inkomste te verbeter nie.
- Bedryfsleiers doen 'n beroep op die departement van landbou, grondhervorming en landelike hervorming om weer die nodige finansiële bystand te bied vir kommunale wolboere om hul volle potensiaal te bereik.

steeds baie gemeenskappe wat nie die nodige ondersteuning ontvang nie. Ons sien dat die gehalte van die diere stadig besig is om agteruit te gaan,” sê mnr. Leon de Beer, bestuurder van die NWKV.

“Ons sê nie daar moet vir ewig ramme aan gemeenskappe verskaf word nie, maar ons sien wel dat dié wat baat gevind het by

die projek, voldoende inkomste verdien om nou hul eie ramme te kan koop.”

Danksy die projek is daar sedert 2002 byna 49 000 goeie ramme in die kommunale gemeenskappe versprei, waar daar ongeveer 4 miljoen skape is, sê De Beer.

Kuddegrootes is gemiddeld 70-100 skape per boer. In die kommunale gebiede is daar sowat 40 000 boere in 1 400 gemeenskappe.

Die mikpunt is om 80 000 tot 100 000 ramme in die gemeenskappe te versprei sodat almal bevoordeel kan word.

Die NWKV se produksie-adviseurs kon in 2021 ongeveer 100 boere bystaan om 150 ramme by kommersiële boere te koop.

“Dit is nie altyd maklik om 'n ram op 'n veiling te koop en te weet of hy aan die genetiese standaard voldoen nie, maar hierdie ramme is spesifiek geselekteer in 'n groepteelskema.”

Maatskaplik-ekonomiese studies toon dat die projek 'n werklike impak het op die lewenstandaard van kommunale boere. Sedert die eerste studie in 2004 uitgevoer is, was daar elke vyf jaar 'n drastiese afname in die aantal kinders wat honger gaan slaap. Meer huishoudings het bankreke-

Die beoordelaars was vanjaar veral ingeneome met die ooie in die kompetisie, waarvan die meeste die nageslag is van die ramme wat deel is van die ramprojek. Hier ontvang mnr. Ndevula Hastag (links) sy eerste prys in die jongooi-afdeling. Saam met hom is mnre. Willem Goosen (middel) en Mkhusele Noswili, hanteerder.

